# Werkgewerbelastingseisoen 2025

**Tshwane, 24 April 2025** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) herinner graag aan die 31 Mei 2025-sperdatum vir werkgewers om hul jaarlikse verklarings in te dien.

Die werkgewer-jaarlikse-verklaringproses is die belangrikste stap wat die persoonlike inkomstebelasting (PIB) se belastingseisoen, wat later vanjaar plaasvind, voorafgaan. Die inligting wat tydens die werkgewer-jaarlikse-verklaringtydperk ingesamel word, die maandelikse verklaring in die EMP201 en die rekonsiliasie in die EMP501 help SARS om akkurate outo-aanslae of vooraf-ingevulde inkomstebelastingopgawes (ITR12) aan belastingpligtiges uit te reik. Onvolledige of foutiewe inligting sal dit vir werknemers moeilik maak om hul belastingverpligtinge na te kom. Dit is belangrik vir werkgewers om betyds IRP5- en IT3-sertifikate uit te reik omdat werknemers hierdie sertifikate nodig het om hul ITR12-opgawes tydens belastingseisoen in te dien.

SARS het 'n versterkte weergawe van die e@syfile™ Employer-sagteware (weergawe 8.0) bekendgestel om jou indieningervaring te verryk. Die nuutste weergawe kom met verbeterde vermoë wat 'n egalige, meer doeltreffende rekonsiliasie-proses verseker. Ons moedig werkgewers, belastingpraktisyne en salarisroladministrateurs aan om die nuwe e@syfile™ Employer (weergawe 8.0) van die e@syfile-aflaaiblad op www.sars.gov.za af te laai, voor hulle die werkgewer-jaarlikse-verklarings indien.

Dit is belangrik om kennis te neem dat alle werkgewers vereis word om hulle werkgewer-jaarlikse-verklarings in te dien, insluitend die wat nie ekonomies aktief is nie. SARS sal alle werkgewers aanspreeklik hou vir nienakoming van die indiening van werkgewer-jaarlikse-verklarings.

Werkgewers kan na riglynvideo's op die SARS TV YouTube-kanaal gaan kyk.

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.